Pretoria- 26 September 2010

Skriflesing: Esegiël 12:1-28; 2 Konings 25:1-7
Teks: **Esegiël 12:3a, 27**
Sing- Ps. 95:1,4; Ps. 130:3,4 ; Ps. 118:9,10; Ps.91:1,6

Ons het reeds dit week na week kon aanskou dat die Here uiters geduldig is. Broeder en suster, daaroor moet daar by ons geen twyfel wees nie, dat in die verskriklikste tye God se genade nog weer deurbreek en dat die Here sy kinders nie sal los nie. Esegiël 12 is die begin van weer 'n heel nuwe fase in die hele profesie van Esegiël . Esegiël is met die gesigte wat hy alles in Jerusalem gesien het, klaar. Vanaf hfst.7:27 – einde hfst. 11 was Esegiël eintlik 'n aanskouer van alles wat in Jerusalem aan die gang was.

Die Here Self som dit op, dat Esegiël het te doen met wederstrewige mense. Hulle het oë maar hulle hou hulle so blind, ore het hulle, maar hulle hou hulle so doof. Dit is die Here wat twee maal sê dat hierdie is 'n wederstrewige huis. Daar kan by niemand enige twyfel wees dat die Here se besluit om sy volk waarlik swaar te straf is in alles geregverdig. U sal onthou net voor Esegiël kon sien wat werklik alles in Jerusalem aan die gang was, toe het die oudste manne daar by Esegiël eintlik iets daarvan laat deurskemer dat hulle dink die Here is nie heeltemal regverdig nie. Dit is nie billik al die dinge wat nou oor hulle kom en oor hulle gesê word nie.

***

Daarom het die Here in die Gees vir Esegiël Jerusalem toe gevat dat hyself dan eerstehands moet uitmaak is dit billik die harde dinge wat God sê? Na wat Esegiël nou alles gesien het, kan daar oor die reg van God om te straf eintlik geen twyfel meer wees nie. Verlede week het ons hfst. 11 se einde ook gehoor dat *Esegiël al die woorde van die Here wat die Here hom laat sien het*, dit alles het hy aan die ballinge verkondig. Die kerk en die staat is ewe skuldig. Daarna het ons gekyk.

***

Nou het Esegiël weer te doen met die mense saam met hom wat ook in die ballingskap weggevoer was. Die oudstes van hfst.8:2 is nog daar by hom Mense wat op allerhande maniere hulle ore en oë wil toedruk vir die werklikheid. Broeder en suster, maak ons nie maar ook baie keer só nie?! Die werklikheid van hoe groot die afval en ongehoorsaamheid aan die Here is, word aanmekaar weggepraat, daar word na allerhande ander dinge gegryp om net nié die werklikheid te moet aanskou nie.

Selfs die ballinge hier by Esegiël aan die Kedar, selfs hulle wil bly glo dat die tyd vir terugkeer na hulle land en die einde van die ballingskap is voor die deur. Hulle bly

praat van ’n spoedige herstel en vir Esegiël en dit wat hy bly profeteer daarvoor het hulle eintlik nou ook genoeg gehad.

Hulle gaan so vêr en dit sien ons eintlik op verskillende maniere in hfst. 12 dat hulle voel Esegiël is eintlik maar net ’n ou groot pessimis. As dit wel waar is van die dinge wat Esegiël sê, hoor hoe praat hulle dit ook weg. Dan is hulle van mening dit sal eers baie vêr in die toekoms gebeur- vers 27- *Die gesig wat hy sien is vir baie dae en hy profeteer van tye wat vêr is.*

Die naby dinge wat Esegiël direk vir hulle sê hulle begin al hoe meer te dink dat Esegiël is eintlik maar met fantasieë besig. Hulle wil nou alles wegpraat, broeder en suster, dit is ’n baie groot probleem ook in ons tyd, selfs in ons kerke en dit wat die kerkverband moet wees. Mense wil in hierdie tye van slegte gerug nie eintlik nog slegter gerigte hoor nie, dit krap ’n mens nou eintlik net te veel om! Daarom wil hulle niks meer daarvan hoor of daarvan weet nie.

So maklik raak ’n mens egter nie van die ware profete van die Here ontslae nie. So maklik praat ’n mens nie die waarheid weg nie! Daarvoor sal die Here sorg. Dit sien ons vandag in hierdie hoofstuk en die hoofstukke wat kom. Esegiël word weer soos in daardie eerste klompie hoofstukke eienaardige opdragte gegee, maar deur dit wat baie eienaardig mag lyk daaragter gee die Here ’n baie sinvolle rede hoekom Esegiël so eienaardig moes optree. Ons kyk dan vanoggend van die eienaardige wat Esegiël hier moes doen en daarna wat die sinvolheid daarvan was.

***

Ons as mense gebruik die uitdrukking van as jy nie wil hoor nie, moet jy voel. Weet u die Here sit hier eintlik nog ’n tussenstap by- hoe die Here werk is wanneer jy nie wil hoor nie, dan moet jy nog eers sien, voordat die Here sal sê nou moet jy ook maar voel. By die Here is dit, wie nie wil hoor nie, moet sien, wie deur die hoor en die sien nog nie regkom nie, so een moet dan maar voel. Hier in die hoofstuk wil die Here ons dinge laat sien. Hierdie word ook genoem aanskoulike onderwys!

Dit begin waar Esegiël hom vir ’n reis moet gereedmaak. Die beklemtoning van jy moet werklik gereed wees moet nie ons aandag mis nie. Hy moet soos ’n alledaagse banneling maak soos wat ’n mens jou sou klaarmaak om vir ’n tyd lank na ’n ander plek

toe te gaan. Hy moet sy goed inpak, maar ook net die allernodigste. Sandale, ’n kierie, ’n mantel en gordel, ’n watersak, ’n hoed, sy geld beurs, en dan ook padkos. Daar moet ook so bietjie ekstra klere by wees, dalk nog ietsie meer wat vir hom kosbaar mag wees, maar dit alles moet nie te veel wees nie... hy moet onthou dat hy dit alles soos ’n reisiger moet kan dra. Hier kom wel ’n eienaardigheid by wat die Here se opdrag aan Esegiël is. Gewoonlik pak ’n mens saans jou goedjies in en kry alles bymekaar om dan vroeg in die oggend reg te wees en op pad te wees, maar hier moet Esegiël nie in die aand sy goed inpak nie, maar hy moet dit alles oordag doen. Selfs moet hy dan oordag alles uitbring en buite voor sy huis by die deur neersit. Hy moet dit so doen dat die ander mense dit moet raaksien, ja hulle moet onder mekaar begin praat oor wat is nou weer aan die gang.

Ons kan ons indink wat die mense sou sê – het sy kop hom nou heeltemal gelos, gaan hy uiteindelik sy eie koers kry, dit hardloop soos ’n bos telegram soos hierdie doelbewuste geskinder die omgewing voltrek, maar dit is wat die Here wil hê dat die mense moet sien wat Esegiël doen. Wat is hy nou weer besig om aan te vang. Vir lank was hy so in sy huis gebind gewees, met min kos en water, die snaaksste hoe dit gaar gemaak moes word, sy hare oorgroei en hoe hy dit met ’n swaard moes afkerf en weeg en selfs bietjie in sy soom wegsit, alles dinge wat alreeds gedoen was, waarmee is hy nou besig?! Dalk verlaat hy hierdie land!

***

Dit wat nog meer eienaardig is gebeur egter in die nag. ’n Mens gaan tog as jy op reis gaan by jou huis se deur uit en jy vertrek gewoonlik in die oggend. Hier doen Esegiël twee dinge heel anders, hy pak in die dag met die gedagte om die nag te reis en dan gaan hy boonop nie by sy huis se deur uit nie, maar hy kap ’n gat in die huis se muur en met geweld breek hy daardeur en stap die stikdonkerte van die nag in met sy bondeltjie oor sy skouers is hy gereed om op die pad te gaan.

Soos ’n reisende balling staan hy dan daar, in die donkerte van die nag, met die gebreekte huis hier reg agter hom en ons kan aanvaar nou wil die omstanders waarlik weet wat aangaan. Hulle raak al hoe meer nuuskierig maar Esegiël se gesig het hy toegemaak en hy praat deur die nag nie ’n woord met hulle nie. In stilte staan hy daar waar hy sy bondeltjie op sy skouer dra. Self loop hy nie ’n tree vêrder nie, want waarheen hy moes gaan as hy klaar sy huis deurgebreek het, dit het die Here hom nie

gesê nie. Dit is asof iets van Abraham ons hier ook tref. Al wat Abraham gehad het toe hy moes trek was net die opdrag van hy moet gaan, maar waarheen, wanneer en hoe vêr dit is hom nie gesê nie. Ware geloofsgehoorsaamheid staan voorop, sonder dat ek as mens my voorwaardes kan stel. Die verbond wat eensydig werk in sy instelling, tweesydig in sy uitwerking.

***

Die volgende oggend toe sou hy kon praat oor wat dit alles beteken. Almal daar sal nou sien en hoor, al het hulle ore gehad wat nie wou hoor, maar wat hulle nou sien sou hulle wou weet wat aangaan. God dwing hulle om wel te sien. Eintlik is dit tragies dat hierdie omstanders met hulle stomp siele nou wel uit nuuskierigheid daar is en nie omdat hulle waarlik na God wil luister nie.

Soos ons heeltemal aan die begin van hierdie reeks uit Esegiël wou aantoon daar sit 'n diepe politieke siening wat maak dat hierdie mense eintlik vir die waarheid blind geword het. Dit wat hulle verwagtinge in die politiek was, is dat koning Sedekia tog met reorganisasie, herstrukturering, met transformasie en nie reformasie nie, wel uitkoms sal gee. Hulle verwag nog heeltyd 'n politieke uitkoms en durf die een wat hulle waarsku dat Sedekia se planne nie met God rekening hou nie, daarom sal sy politieke planne ook nie werk nie. Hulle hou nie van mense wat dinge sê wat hulle eintlik nie wil hoor nie. Elkeen wil eintlik maar net by sy standpunt bly ongeag wat Esegiël tot nou toe nog gesê het.

***

Nou as Esegiël begin praat, God gee die verklaring vir Esegiël se vreemde optrede dan lê dit weer by die politiek van daardie tyd. Vers 10 wys dit alles- *Hierdie las sien op die vors in Jerusalem die hele huis van Israel wat onder hulle woon...* Esegiël word in sy optrede 'n afbeelding van wat julle hoog geroemde koning nog gaan doen. Ons het daardie geskiedenis in 2 Konings 25 gelees. Die inwoners van Jerusalem gaan soos vlugtelinge gedwing word om nie by die poorte van Jerusalem uit te hardloop nie, maar soos Esegiël deur 'n ingekapte gat uit sy eie huismure na buite moes gaan, so gaan die inwoners van Jerusalem die stad ook inderhaas verlaat. Daar sal nie tyd wees om by die poorte uit te gaan nie. Hulle sal gate in die stadsmure kap en daaruit vlug.

En die Sedekia met sy politieke planne waarop hulle nog heeltyd al hulle hoop op wou stel, hy 'n direkte nakomeling van Dawid, maar hier word hy nou aan Esegiël se

omstanders as ’n lafaard uitgewys. Hy sal die stad reeds aan skerwe in die donker verlaat, op ’n heel ongewone manier, soos dit darem baie ongewoon is dat Esegiël nie by sy deur se huis uitgegaan het nie, maar in die donker deur ’n gat in sy huismure. Ons het mos in 2 Kon 25 gelees hoe daar in die nag tussen die twee mure van die koning se tuin ingebreek was en die Chaldeërs die stad omring het en die koning is deur daardie gat op pad na die Jerigo Vlaktes toe waar hy in alle geval kort voor lank gevang was. Sy seuns is voor sy oë geslag. Alles het gebeur soos deur Esegiël geprofeteer. Sy reis waarop dit lyk hy op moet vertrek is alles aanskoulike onderwys waarin Sedekia se politieke maneuvrering hom nie kon help nie.

***

Broeder en suster ons kan natuurlik hierin onsself nie miskyk. Daardie reisplanne wat u en ek ook nog in ons lewens mag hê, maar tog is daar ook die dag in ons elkeen se lewe wat mens in jou geestesoog moet kan raaksien. Waar ander manne jou uit die huis sal kom haal en jou die kis inlê want my lewe op aarde is nou verby. Die aanskoulike onderwys by Esegiël laat mens onwillekeurig die vraag vra is ek gereed vir hierdie reis?!

Op twee maniere kan daar vir hierdie reis ingepak word. Esegiël het hom moes klaarmaak soos ’n banneling, wat die bannelinge rondom hom afbeeld wat stom en blind is vir God se heerlikheid. Hulle wat hulle eie ellende nie besef nie, mense bot en stomp vir God se Wet en profesie, hulle vat net daardie bondeltjie saam wat ek vir die ballingskap nodig het. Sou u egter u geloof tasse vandag pak, broeder en suster, wat sal u daarin sit? As u, u eie sonde en ellende erken, ons het oë wat wil sien en ore wat wil luister, ons is erg gevoelig vir wat die Here vir ons sê, so ’n mens se geloof tas is anders gepak. Vol van die verbondsbeloftes van die Here en die reis waarop u dan wil gaan is om soos ’n uitgenooide gas by die bruilofsmaal van die Lam te gaan aansit. So ’n mens sal nie Sedekia-streke uithaal nie.

***

Broeder en suster, maar ons moet ná Esegiël se eienaardige optrede dan wel die sinvolheid daarvan raaksien. Esegiël wys eintlik met sak en pak wat gaan gebeur, daar waar hy helder oordag vir sy reis gereedmaak. Ná alles is die vraag na wat was werklik die sinvolle van hierdie optrede gewees. Sal die volk nou ten einde laaste darem luister? Daar het dalk so ’n dag of twee verby gegaan waarop hulle onder mekaar sou praat en die veragting vir wat Esegiël uitgebeeld het, is klaar weer daar. Dit wil lyk of klomp

mense aanvanklik deur hierdie optrede van Esegiël aangegryp was, maar toe Sedekia lyk nog steeds in beheer te wees soos wat hulle polities geglo het hy waarlik die verlosser vir hulle sal wees, toe weeg Sedekia se politieke planne klaar weer swaarder as Esegiël se profetiese woorde. Die wederstrewige huis bly wederstrewig.

Ongemotiveerd word Esegiël maar sommer afgelag. Daar is die klomp wat glo Esegiël se profesie is nie regtig nou van soveel belang nie. Hulle lag hom af met die gedagte dat hy eintlik maar net so goed soos vir die voëls al hierdie dinge kon sê, maar dan is daar ook dié wat hulleself nie eers verwerdig om verder enige aandag te gee aan wat daar gesê was nie. Hulle slotsom is dat wat hy gesê het, is miskien vir baie dae geldig, dit is nie net op ons van toepassing nie en dink hulle hy profeteer maar met die oog op tye wat nog vêr is. Nou is dit nie nodig om ernstig hierna te luister nie. Al het Esegiël direk daar buite sy gebreekte huis toe ook met bewende hande brood geëet en met net soveel siddering water gedrink, alles nog simbolies van wat Jerusalem tydens die beleëring mee getref sal word, maar dit waaroor hy bewe, daarvoor skrik hulle nie.

Hulle sal eerder met hom begin spot, soos wat ons weet die Here ons ook in die 2de Petrus brief daarop wys hoe mense die profesie verag en selfs in ons tyd daarmee sal spot. In 2 Petrus 3:4 word daarna verwys hoe mense ook spot en dit sterk na vore wou bring dat *vandat die vaders ontslaap het, bly alles soos dit was van die begin van die skepping af.* Om te glo dat die Here nou met ons praat en dat sy Woord waarlik vir hierdie dag van *vandag* geld dit wil die mens nou maar eenmaal nie aanvaar nie. Die omstanders begin al hoe harder met Esegiël te spot en te sê – *Die dae gaan voort en van al die gesigte kom niks nie...* Al ruimte wat hulle miskien nog ooplaat is dat daar net in die verre toekoms ietsie kan gebeur, maar vir die hier en die nou wil hulle regtig nie hulle aan hom steur nie.

***

Broeder en suster, ons is tot dieselfde sonde geneig, om die groot beloftes van die Here nie altyd die swaarste te laat weeg nie. Die belofte van ’n nuwe Jerusalem wat uit die hemel sal neerdaal en van die koms van die Antichris en hoe Christus in heerlikheid as Koning van die konings weer na ons sal terugkeer, ons sien dit maar ook baie keer as toekomsbeelde wat ons glo nog vêr in die toekoms sal plaasvind, maar dat dit nou kan gebeur daaraan word maar swaar gebyt. Die Woord van die Here, hierdie onverganklike saad wat ons nou mag saai, het dubbele waarde. Nie net bring dit ons op

hoogte van wat die toekomstige dinge sal wees nie, maar die sekerheid dat hierdie dinge wel sal gebeur word terselfdertyd gewaarborg. Die swaartepunt van God se beloftes lê nie noodwendig in wat tyd is nie, maar dit lê in wat die ewigheid is. God se ewige beloftes, kan u waarlik daarop ja en amen sê? As die Here nou sou kom is ons gereed vir die reis, sonder om dit as 'n metodistiese bangmaak vraag te hanteer. Tog is daar deur Esegiël 'n duidelike opdrag na vore gebring dat hy vir die reis moes gereedmaak. Is u wel die een wat glo dat as die Here ons salig spreek, dat hierdie saligheid is ook vir die hier en die nou. Dit is nie maar dowwe klanke net bedoel vir 'n verre toekoms nie.

Nou moet ons dit hard en duidelik hoor- *Salig is die wat arm van gees is...salig is die wat treur...salig is die sagmoediges...salig is die wat honger en dors na die geregtigheid...salig is die barmhartiges...salig is die wat rein van hart is...salig is die vredemakers...salig is die wat vervolg word...salig is julle wanneer die mense julle beledig en vervolg en valslik allerhande kwaad teen julle spreek om My ontwil...* Hierdie saligsprekinge is woorde vir nou en hier- neem die Here op sy Woord vir nou se saligsprekinge. Esegiël sou dit die Here ook wou hoor sê - salig is jy Esegiël wanneer mense jou ook beledig en vervolg en hoe het Esegiël net nie gely onder die allerhande valslike kwaad wat daar teen hom gespreek was nie. Sy troos was, daarin lê ook sy salige rus, hy het hierdie dinge deurgemaak om die Here se ontwil. Die Here wat hy geweet het met hom besig is. Die Here wat hy verwag, sonder om nog werklik die saligheid te kon ontvang. In Christus het hy dit net soveel soos ons kon ontvang omdat daar 'n kruis was, wat die hier en die nou van ons lewens ook ingrypend moet raak.

***

Die kruis op Golgota moet hier en nou u lewe elke dag raak en verander, ons moet nie dink dit is maar iets van die verlede, of selfs, eendag in die toekoms sal die kruis vir my sy ware betekenis laat kry. Dit moet nou reeds die betekenis, die volle betekenis in u en my lewe verkry. U moet Jesus soos wat ons hier bymekaar is ook as nou se Saligmaker kan aanroep. Die nou se Saligmaker wat vir die misdadiger saam met Hom gekruisig kon sê- *Vandag sal jy saam met my in die paradys wees...* Nie maar eendag nie, maar vandag...! Die gemeente van Smirna, 'n klein arm gemeentetjie daar in Klein-Asië, die boodskap aan hulle tussen daardie ander sewe gemeentes was ook een van hier en nou, al is julle arm, julle is eintlik ryk... Op.2:9- die Here sê – *Ek ken jou werke en verdrukking en armoede – maar jy is ryk...* Nou reeds kan u in die Here ryk wees. Moet nie dat God se Woord maar afgemaak word as iets vir die verre toekoms nie.

In God is die hede aan die toekoms verbind. Ons moet dit nie van mekaar probeer skei nie. Wat jy eenmaal sal wees is nie te skei van wat jy nou is nie. Moet nie nou God se Woord as verre Woord verag en dink dat in die toekoms sal jy dit nader kan bring nie. Wat ek nou doen het werklik implikasies vir wat ek môre gaan doen. Laat die vreugde van die ewige lewe nou reeds in beginsel begin. So bely ons dit in Sondag 22 van die Kategismus- **Watter troos skep jy uit die artikel van die ewige lewe?** Ons moet kan antwoord **– dat aangesien ek nou alreeds die begin van die ewige vreugde in my hart ervaar...** As dit nou so kan wees, wanneer die volle saligheid aanbreek dan is dit groter as wat die oë kan sien en en wat die ore kan hoor. So anders as hulle van die wie die Here sê- hulle het oë, maar sien nie, ore maar hoor nie. Mag ons hoor en sien, ook wanneer ons volgende keer die jakkalse onder ons sien rondloop.

AMEN